**LAERSKOOL** **KRUGERPARK**

DURF AAN EN VOLHARD

# ***Laerskool Krugerpark: Landloopbeleid***

1. Doelwitte
    - Om 'n liefde vir die sport aan te kweek.
    - Om massa deelname te bevorder.
    - Om vir leerders met 'n spesiale talent in landloop ook die geleentheid te gee om te presteer.
    - Om 'n leerder se uithouvermoë en selfdissipline te ontwikkel en te verbeter.

2. Byeenkomste
    - Die datums word op die jaar – en kwartaalprogram aangedui.
    - 4 liga byeenkomste in Augustus maand.

3. Afrigters
    - Atlete word deur onderwysers by skool afgerig.

4. Kleredrag
    - Krugerpark sportdrag.

5. Die Organiseerder
    - Organiseerder woon vergaderings by.
    - Organiseerder sorg dat inligting deurgegee word aan skool, atlete en ouers.
    - Organiseerder sorg dat byeenkomste wat bygewoon word, glad verloop. (dissipline, gedrag en deelname van leerders).
    - Organiseerder moet informasie op datum hou vir prysuitdeling en die inligting volledig deurgee.

6. Ouers/Toeskouers
   - Ouers se ondersteuning word ten alle tye hoog op prys gestel.
   - Ouers mag nie met die oefeninge of spankeuses inmeng nie. Indien 'n ouer 'n probleem het, moet dit skriftelik onder die organiseerder se aandag gebring word.
   - Enige ouer wat hom/haar wangedra tydens byeenkomste of oefening mag deur die betrokke afrigter, organiseerder of lid van die skoolbestuur gevra word om die terrein te verlaat.
   - Indien 'n ouer hom/haar herhaaldelik aan wangedrag skuldig maak, sal die Beheerliggaam teen die ouer optree.

7. Grieweprosedure
   - Alle griewe moet skriftelik by die organiseerder ingedien word.
   - Die organiseerder sal die grief ondersoek, onder die hoof se aandag bring, en dit hanteer volgens die skool se griewe prosedure.

8. Prysuitdeling
   - Klub landloop word nie in ag geneem nie.
   - Dit word bepaal volgens die uitslae tydens die 4 liga byeenkomste.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

______________________________ Beheerliggaamvoorsitter

______________________________ Hoof: Laerskool Krugerpark